



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

DANSSTUDIES

NOVEMBER 2024

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 29 bladsye.

NOTA VIR NASIENERS:

Hierdie vraestel moet deur ervare dansonderwysers/-adviseurs/-amptenare met gespesialiseerde danskennis gemerk word.

- Die standaardiseringsproses tydens die nasienriglynbesprekings verseker dat hierdie riglyne die meeste moontlike antwoorde, wat die kandidate kan voorsien, insluit.
- Die nasienriglyne mag op geen wyse verander word nie.
- Hou streng by die nasienriglyne wanneer nasien en pas konsekwent toe.
- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word en evalueer wat die kandidate weet, nie wat die kandidate nie weet nie.
- In sekere kwalitatiewe vrae moet professionele en ingeligte oordeel toegepas word.
- In sekere vrae, het kandidate 'n keuse. As kandidate albei vrae beantwoord het, merk slegs die EERSTE vraag wat beantwoord word. Trek 'n streep deur die tweede vraag wat nie gemerk word nie.
- In sekere vrae waar kandidate gevra word om 'n spesifieke hoeveelheid feite te verskaf, moet slegs die verwagte hoeveelheid nagesien word indien meer verskaf word.
- Inligting oor hoe om punte toe te ken wanneer 'n nasienrubriek gebruik word kan in die **NOTA** afdeling van daardie spesifieke vraag gevind word.
- Kandidate mag korrekte inligting insluit wat nie noodwendig in die handboek verskyn nie. Onsekerheid oor enige inligting wat deur die kandidaat verskaf word, moet deur navorsing geverifieer word, voordat daar verder gemerk word.
- Hoë, medium en lae kognitiewevlakke wat in elke antwoord verwag word, is ingesluit bokant elke vraag. Dit moet toegepas word wanneer punte toegeken word. Die beskrywende **werkwoord/instruksiewoord** in elke vraag en die **taakvereistes** moet as riglyn vir die toekenning van punte dien.
- Die stappe waardeur kandidate moet gaan om die vraag te beantwoord, word onder die opskrif – **DINKPROSES** – ingesluit.
- Die nasienriglyne verskaf **'n voorbeeld van 'n antwoord** in 'n teksblokkie onder die verwagte reaksies.
NOTA: Dit is om leiding te gee waar om 'n punt toe te ken. In sommige vrae, word 'n voorbeeld van 'n volpunt-antwoord waar nodig, verskaf. In ander vrae word slegs een of twee voorbeelde verskaf.
- Nasieners moet GEEN volpunte toeken vir antwoorde wat oppervlakkig/ minimaal is of waar al die vereistes van die kompleksiteitsvlak van die vraag nie nagekom is nie.
- EEN ✓ = EEN punt, afhangend van die vereistes van die vraag, tot en met die maksimum punte.
- **Geen** ½ punte mag toegeken word nie.

NASIENFORMAAT:

Vrae wat een regmerk per punt vereis:

- EEN ✓ = EEN punt afhangende van die vereistes van die vrae
- Regmerke moet geplaas word, waar 'n punt vir die inhoud toegeken is

Voorbeeld:

Vraag: Wat is dans?

Antwoord: Dans is beweging van die liggaam ✓ wat emosies uitbeeld ✓ en ook 'n storie kan kommunikeer. ✓

(3)

- Waar antwoorde die maksimum punte oorskry, skryf **MAKS PUNTE** by die punt waar dit bereik was.
- Plaas die antwoord tussen hakies aan die linkerkant se kantlyn om aan te dui dat dit gelees was.
- Kyk op die volgende bladsy in die antwoordeboek om seker te maak dat jy nie 'n gedeelte van die antwoord uitgelaat het nie

Nasien van kwalitatiewe vrae:

- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word.
- Alle areas moet ingesluit word om volpunte toe te ken.
- **NOTA:** daar is spesifieke nasieninstruksies in die vrae wat van 'n nasienrubriek gebruik maak

Berekening van die puntetotaal:

- Dui die puntetotaal wat per vraag behaal is in die regterkantse kantlyn aan die einde van die antwoord met 'n diagonale lyn bo die totaal aan.
- Hierdie totaal moet herhaaldelik omkring word aan die begin van die vraag in die linkerkantse kantlyn en omsingel. Plaas jou voorletters langs hierdie totaal.

Voorbeeld:

<div style="border: 1px solid black; border-radius: 50%; width: 40px; height: 40px; margin: 0 auto; display: flex; align-items: center; justify-content: center;">8</div> JM	VRAAGNOMMER ... Begin van die antwoord	
	Einde van die antwoord	/ 8

AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG**VRAAG 1: BESERINGS**

LAE VLAK	1.1	Kies	5 punte
MEDIUM VLAK	1.2.1	Verduideliking	3 punte
	1.2.2	Verduideliking	3 punte
	1.3	Evaluering	4 punte

	INHOUD VIR ASSESSERING	DINKPROSES Stappe wat kandidate in hulle antwoorde moet volg
1.1	Tipe beserings	1. Herroep
1.2.1	Toepassing van korrekte tegnieke en beserings voorkoming	1. Herroep 2. Verduidelik hoe die veilige danspraktyk beserings voorkom
1.2.2	Danskonvensies en beserings voorkoming	1. Herroep 2. Verduidelik hoe die veilige danspraktyk beserings voorkom
1.3	Effek van langtermyn behandeling	1. Herroep 2. Identifiseer die effek van langtermyn behandeling 3. Evalueer hoe langtermyn behandeling 'n danser affekteer

1.1 KIES DIE TIPE BESERING**Verwagte reaksies:**

- 1.1.1 B (1)
- 1.1.2 E (1)
- 1.1.3 A (1)
- 1.1.4 C (1)
- 1.1.5 D (1)

1.2.1 VERDUIDELIKING VAN HOE TOEPASSING VAN KORREKTE TEGNIEK(E) BESERINGS VOORKOM**NOTA:**

- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid voorbeelde/idees verskaf en reaksies kan dalk nie in die handboek verskyn nie
- Kandidate mag slegs 'n volledige verduideliking oor een tegniek verskaf of mag verduidelikings oor verskillende tegnieke verskaf

Verwagte reaksies:

Moontlike areas wat met besering-voorkoming verband hou:

- Veiligheid
- Landings
- Oogfokus
- Uitdraai
- Spierongelykheid

Enige ander relevante antwoorde in verband met toepassing van die korrekte tegniek(e) om besering te voorkom

(3)

Voorbeeld van 'n antwoord:

- Wanneer jy deur jou voete land en jou knieë buig wanneer jy ná 'n sprong land, verseker dit dat jy die skok absorbeer. ✓
- Om die bene van die heupe uit te draai, vermy spanning en draaiing van jou knieë en enkels. ✓
- Gebruik die korrekte belyning om te balanseer. ✓

1.2.2 VERDUIDELIKING VAN HOE OM KLASKONVENSIES TE VOLG OM BESERINGS TE VOORKOM

NOTA:

- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid voorbeelde/idees verskaf en reaksies kan dalk nie in die handboek verskyn nie

Verwagte reaksies:

Moontlike areas wat met beseringvoorkoming verband hou:

- Opwarming
- Afkoeling
- Ruimtelike bewustheid
- Fokus en konsentrasie
- Korrekte kleredrag
- Omgewing

Enige ander relevante antwoorde wat verband hou met die volg van klaskonvensies om beserings te voorkom

(3)

Voorbeeld van 'n antwoord:

- Om aan die begin van die klas op te warm, sal dit die liggaam voorberei deur die gewrigte en spiere te mobiliseer. ✓
- Om sokkies te dra tydens dans kan in 'n gly veroorsaak omdat die danser geen trekkrag op die vloer het nie. ✓

1.3 EVALUERING VAN HOE 'N LANGTERMYN BEHANDELINGSPLAN 'N DANSER KAN AFFEKTEER

NOTA:

- Kandidate moet die effek van 'n langtermyn behandelingsplan evalueer. Moenie punte vir slegs 'n lys van die gevolge van 'n besering toeken nie
- Moenie punte vir RYKE toeken nie, tensy RYKE in verband met 'n langtermyn behandelingsplan evalueer word
- Kandidate mag na positiewe en/of negatiewe effekte in hul antwoorde verwys

Verwagte reaksies:**Moontlike areas vir evaluering:**

- Monitor/toesig
- Herstellingperiode
- Verder besering
- Fiksheid
- Tegniek
- Opvoeringskwaliteit
- Geheuegesondheid
- Effek op klasmaats
- Loopbaanlewensduur

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe 'n langtermyn behandelingsplan 'n danser sou kon affekteer

(4)

Voorbeeld van 'n antwoord:

- As 'n danser nie 'n langtermynbehandelingsplan tydens herstelling van 'n besering volg nie, kan dit na verswakte fiksheidsvlakke lei, wat opvoering sal affekteer wanneer daar terug klas toe gekeur word. ✓
- Om 'n langtermynbehandelingsplan te volg sal help met herstel omdat die besering konsekwent gemonitor en versorg sal word. ✓
- Dit kan 'n danser se geestestoestand affekteer omdat hulle agter sal raak in hul klaswerk wat stres en angs sal veroorsaak. ✓
- Om 'n kniebeskermer te dra kan stabiliteit vir 'n beseerde knie voorsien, wat die danser veiliger sal laat voel. ✓

[15]

VRAAG 2: KOMPONENTE VAN FIKSHEID

LAE VLAK	2.1	Definiëring	4 punte
	2.2	Lys	4 punte
MEDIUM VLAK	2.3	Verduideliking en stawing	4 punte
HOËVLAK	2.4.1	Analisering	4 punte
	2.4.2	Verduideliking en stawing	4 punte

	INHOUD VIR ASSESSERING	DINKPROSES Stappe wat kandidate in hulle antwoorde moet volg
2.1.1	Krag	1. Herroep
2.1.2	Spieruithouvermoë	1. Herroep
2.1.3	Soepelheid	1. Herroep
2.1.4	Neuromuskulêre vaardighede	1. Herroep
2.2	Soepelheid	1. Herroep
2.3	Voordele van komponente van fiksheid	1. Herroep 2. Verduidelik die voordele in verband met goeie danstegniek 3. Staaf met voorbeelde
2.4.1	Kinestetiese bewustheid en ruimtelike bewustheid	1. Herroep 2. Analiseer die foto 3. Pas begrip toe van hoe kinestetiese bewustheid en ruimtelike bewustheid in die foto gebruik word
2.4.2	Krag	1. Herroep 2. Analiseer die foto 3. Pas begrip van die ontwikkeling van krag in verband met die foto toe 4. Staaf met voorbeelde

2.1.1 DEFINIEER KRAG

Verwagte reaksies:

- Krag is die vermoë van die spiere om krag teen swaartekrag/weerstand uit te oefen.

Enige ander relevante antwoorde in verband met die definisie van krag (1)

2.1.2 DEFINIEER SPIERUITHOUVERMOË

Verwagte reaksies:

- Die krag wat die spiere besit om vir lang tydperke te kan oefen sonder om moeg te word

Enige ander relevante antwoorde in verband met die definisie van spieruithouvermoë (1)

2.1.3 DEFINIEER SOEPELHEID

Verwagte reaksies:

- Die omvang van beweging in en om die gewrigte en spiere

Enige ander relevante antwoorde in verband met die definisie van soepelheid (1)

2.1.4 DEFINIEER NEUROMUSKULÊRE VAARDIGHEDE

Verwagte reaksies:

- Die vermoë van die brein om boodskappe aan die liggaam deur die sentrale seneweestelsel in 'n onmiddellike reaksie tyd te stuur

Enige ander relevante antwoorde in verband met die definisie van neuromuskulêre vaardighede

(1)

2.2 MAAK 'N LYS VAN VIER MANIERE OM SOEPELHEID DEUR STREKKING TE VERHOOG

NOTA:

- As meer as VIER maniere verskaf word, merk slegs die eerste VIER

Verwagte reaksies:

- Strekking plan/roetine
- Konsekwentheid
- Tyd en duur
- Dinamiese strekking
- Statiese strekking
- Asemhaling
- Spesifieke strekoefeninge

Enige ander relevante antwoorde in verband met 'n lys van hoe om soepelheid deur strekking te verhoog

(4)

2.3 VERDUIDELIKING EN STAWING HOE DIE KOMPONENTE VAN FIKSHEID DANS BEVOORDEEL

NOTA:

- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid voorbeelde/idees verskaf en reaksies kan dalk nie in die handboek verskyn nie
- Kandidate mag meer oor een komponent van fiksheid as 'n ander skryf
- Kandidate kan vele voorbeelde oor een komponent verduidelik
- Kandidate moet die voordele van komponente van fiksheid op goeie danstegniek, met gestaafde voorbeelde verduidelik. Moenie punte vir definisies toeken nie

Verwagte reaksies:

Kernstabiliteit

- Balans
- Beheer
- Postuur en belyning

Uithouvermoë

- Suurstofinname
- Energie

Soepelheid

- Omvang van beweging
- Lyn en vorm

Krag

- Bewegings en posisies behou
- Maatwerk
- Balans
- Beheer

Neuromuskulêre vaardighede

- Balans
- Kinestetiese bewustheid
- Ruimtelike bewustheid
- Ratsheid
- Reaktiwiteit
- Ritme behou
- Koördinasie

Konsepte wat verband hou met alle komponente van fiksheid

- Uitvoering van beweging
- Beseringsvoorkoming
- Bewegingskompleksiteit

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe komponente van fiksheid voordelig vir goeie danstegniek is

(4)

Voorbeeld van 'n antwoord:

- Soepelheid: As 'n danser soepelheid in hul heupe het sal hulle uitgedraaide bewegings met gemak en sonder beperking uit kan voer. ✓ 'n Danser sal ook die vryheid van beweging hê om hulle bene in beenskoppe hoog op te lig. ✓
- 'n Sterk kern sal die danser toelaat om goeie beheer en balans te hê wanneer hulle draaie uitvoer. ✓
- Kinestetiese bewustheid is voordelig vir 'n danser se tegniek omdat hulle hul eie voute sal kan korreger terwyl hulle dans. ✓

2.4.1 ANALISERING VAN DIE FOTO: KINESTETIESE BEWUSTHEID EN RUIMTELIKE BEWUSTHEID

NOTA:

- Moenie punte vir die definiering van kinestetiese bewustheid en ruimtelike bewustheid toeken nie
- Kandidate se antwoorde moet verband hou met hoe kinestetiese bewustheid en ruimtelike bewustheid in die foto gebruik word
- Kandidate mag meer oor een as die ander skryf, maar moet albei kinestetiese bewustheid en ruimtelike bewustheid aanspreek om volpunte toe te ken

Verwagte reaksies:

Kinestetiese bewustheid in verband met:

- Vorm
- Verhoudings

Ruimtelike bewustheid in verband met:

- Vorm
- Verhoudings

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe kinestetiese bewustheid en ruimtelike bewustheid deur die dansers in die foto gebruik word

(4)

Voorbeeld van 'n antwoord:

In die foto gebruik die dansers kinestetiese bewustheid om hul eie liggame te koordineer maar nogsteeds een vorm in die ruimte skep. ✓ Hulle moet bewus wees van waar die kontakpunte is sodat hulle saam met mekaar suksesvol in die posisie kan balanseer. ✓ Die dansers is ruimtelik bewus van mekaar want hulle vul mekaar se negatiewe ruimte deur naby mekaar te dans. ✓ Die danser in die oranje hemp moet verstaan waar om haar arms te plaas sodat sy nie teen die ander danser stamp nie. ✓

2.4.2 ANALISERING VAN DIE FOTO: ONTWIKKELING VAN KRAG

NOTA:

- Moenie punte vir algemene maniere om krag te ontwikkel toeken nie, antwoorde moet verband hou met die bewegings(s) wat in die foto verskyn
- Kandidate mag oefeninge meer breedvoerig verduidelik

Verwagte reaksies:

Hoe die moontlike areas ontwikkel kan word:

- Arms/bo liggaam
- Buik/rug/torso
- Heupe
- Bene
- Voete

Enige ander relevante antwoorde wat 'n verband hou met die ontwikkeling van krag om die beweging(s) wat in die foto verskyn uit te voer

(4)

Voorbeeld van 'n antwoord:

- Die danser in die oranje hemp kon gereelde hurke gedoen het om krag in haar bene te ontwikkel om op een been te kan balanseer. ✓
- Die danser in die swart hemp kon planke gedoen het om krag in die kernspiere te ontwikkel sodat sy die gewig van die ander danser kan behou. ✓

[20]**VRAAG 3: ALGEMENE GESONDHEIDSORG**

LAE VLAK	3.1	Kies	5 punte
MEDIUM VLAK	3.2	Voorstelling	5 punte

	INHOUD VIR ASSESSERING	DINKPROSES Stappe wat kandidate in hulle antwoorde moet volg
3.1	Voeding: voedselgroepe	1. Herroep 2. Kies die geskikte voedselgroep
3.2	Voordele van dans: inklusiwiteit en diversiteit	1. Herroep 2. Voorstelling van maniere om inklusiwiteit en diversiteit te bevorder

3.1 KIES VOEDSELGROEPE**Verwagte reaksies:**

- 3.1.1 C (1)
- 3.1.2 B (1)
- 3.1.3 A (1)
- 3.1.4 D (1)
- 3.1.5 B (1)

3.2 STEL MANIERE VOOR WAARIN INKLUSIWITEIT EN DIVERSITEIT IN DIE DANSKLAS BEVORDER KAN WORD**NOTA:**

- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid voorbeelde/idees verskaf en reaksies kan dalk nie in die handboek verskyn nie
- Kandidate mag meer oor een aspek as 'n ander skryf, maar moet albei inklusiwiteit en diversiteit aanspreek om volpunte toe te ken

Verwagte reaksies:

- Dansstyle
- Musiek
- Omgewing
- Kulturele uitdrukking
- Geslagsuitdrukking
- Visuele geletterdheid
- Samewerking
- Toeganklikheid

Enige ander relevante antwoorde in verband met maniere van hoe inklusiwiteit en diversiteit in die klas bevorder kan word

(5)

Voorbeeld van 'n antwoord:

- Wanneer daar groepwerk gedoen word, kan dansers elke keer met verskillende klasmaats werk. ✓
- Skep 'n veilige dansomgewing sodat dansers hulself kan wees. ✓

[10]

VRAAG 4: DANSOPVOERING

MEDIUM VLAK	4.1	Bespreking	5 punte
HOËVLAK	4.2.1	Skep	10 punte
		OF	
	4.2.2	Skryf	10 punte

	INHOUD VIR ASSESSERING	DINKPROSES Stappe wat kandidate in hulle antwoorde moet volg
4.1	Toewyding, fokus en konsentrasie	1. Herroep 2. Bespreek die invloed op dansopvoering
4.2.1	Opvoeringsvaardighede: dinamika, verpersoonlikheid, akkuraatheid/duidelikheid van beweging	1. Lees vir begrip 2. Herroep 3. Konseptualiseer 'n visuele sosialemedia-plasing 4. Skep 'n sosialemedia-plasing wat die belangrikheid van opvoeringsvaardighede beklemtoon
OF		
4.2.2	Opvoeringsvaardighede: Oorgange/vloei, uitdrukking, teenwoordigheid/projeksie	1. Lees vir begrip 2. Herroep 3. Konseptualiseer 'n teks vir sosialemedia-video 4. Skryf 'n teks vir sosialemedia-video wat die belangrikheid van opvoeringvaardighede beklemtoon

4.1 BESPREKING VAN HOE TOEWYDING, FOKUS EN/OF KONSENTRASIE DANSOPVOERING BEÏNVLOED

NOTA:

- Kandidate mag meer oor een as die ander skryf, maar moet toewyding, fokus en/of konsentrasie aanspreek om volpunte toe te ken

Verwagte reaksies:**Moontlike areas wat aangespreek kan word:**

- Tegniek
- Opvoeringskwaliteit
- Vertroue
- Selfvertroue/Vertroue
- Groepwerk
- Beseringsvoorkoming

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe toewyding, fokus en/of konsentrasie dansopvoering kan beïnvloed

(5)

Voorbeeld van 'n antwoord:

- As 'n danser nie toegewyd aan daaglikse oefening is nie, sal hulle nie hul tegniek kan verbeter nie, wat hul opvoering slordig sal laat lyk. ✓
- Dansers moet gedurende die opvoering gefokus wees anders mag hulle vas teen mekaar stamp, wat hul opvoering onvoorbereid sal laat lyk. ✓

4.2.1 SKEP VAN 'N VISUELE SOSIALEMEDIA-PLASING WAT DIE BELANGRIKHEID VAN OPVOERINGSVAARDIGHEDE VIR 'N DANSOUDISIE BEKLEMT

NOTA:

- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid voorbeelde/idees verskaf en reaksies kan dalk nie in die handboek verskyn nie
- Kandidate moet die belangrikheid van dinamika, verpersoonliking en akkuraatheid/duidelikheid van beweging beklemtoon. Moenie punte vir slegs definisies toeken nie
- Kandidate wat nie aan die taak vereistes (visueel en/of inligting-gebaseerd) voldoen nie, kan nie in die hoëvlak band geplaas word nie
- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- Gebruik die nasienrubriek wat verskaf word om die vlak van die kandidaat se antwoord te bepaal
 - Geen regmerke moet gebruik word nie
 - Plaas die hele antwoord tussen hakies aan die linkerkantse kantlyn om aan te dui dat die hele antwoord gelees is

(10)


NASIENRUBRIEK:

KRITERIA	
HOË VLAK 7–10	<ul style="list-style-type: none"> Kreatiewe ontwerp, visueel geskik vir sosiale media Diepgaande begrip van die opvoeringsvaardighede Uitstekende voorbeelde oor die belangrikheid van die opvoerings- vaardighede is verskaf
MEDIUM VLAK 4–6	<ul style="list-style-type: none"> Voldoende/Goeie ontwerp, sommige visuele aspekte vir sosiale media geskik Voldoende/Goeie begrip van die opvoeringsvaardighede Voldoende/Goeie voorbeelde oor die belangrikheid van die opvoerings- vaardighede word verskaf
LAE VLAK 0–3	<ul style="list-style-type: none"> Minimale/Geen ontwerp en minimale/geen begrip van visuele aspekte wat vir sosiale media geskik is (nie) Minimale/Geen begrip van opvoeringsvaardighede (nie) Minimale/Geen voorbeelde oor die belangrikheid van die opvoerings- vaardighede word verskaf (nie)

Voorbeeld van 'n antwoord:


BEANGRIKKE VAARDIGHED

Moet weet!



Om in jou dansoudisie suksesvol te wees, gebruik hierdie drie wenke...

DINAMIKA




Verpersoonliking

Om jou dans te verpersoonlik om jou eie styl te pas, sal verseker dat jou oudisie onvergeetlik is.



As jy jou eie persoonlike “flair” in jou dans byvoeg sal jy ‘n beter verband met die bewegings het

MAAK DIT JOU EIE

Dis belangrik om die energie in jou bewegings te verander omdat dit jou opvoering vir die beoordelaars meer interessant sal laat lyk



Dit is belangrik om dinamika in jou dans by te voeg want dit skep variasie in jou optrede

Maak seker dat jy tyd spandeer om jou oudisie perfek te maak. Dit sal verseker dat jy goed voorbereid lyk jou oudisie

Om aandag te skenk aan die detail van elke beweging sal help om jou opvoering moeiteloos en skoon te laat lyk

Akuraatheid

OF

4.2.2 SKRYF 'N TEKS VIR 'N SOSIALEMEDIA-VIDEO WAT DIE BELANGRIKHEID VAN OPVOERINGSVAARDIGHED E VIR 'N DANSOUDISIE BEKLEMT OON

NOTA:

- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid voorbeelde/idees verskaf en reaksies kan dalk nie in die handboek verskyn nie
- Kandidate moet die belangrikheid van oorgang/vloei, uitdrukking en teenwoordigheid/projeksie beklemtoon. Moenie punte vir slegs definisies toeken nie
- Kandidate wat nie aan die taak vereistes (kreatief en/of inligting-gebaseerd) voldoen nie, kan nie in die hoëvlak band geplaas word nie
- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- Gebruik die nasienrubriek wat verskaf word om die vlak van die kandidaat se antwoord te bepaal
 - Geen regmerke moet gebruik word nie
 - Plaas die hele antwoord tussen hakies aan die linkerkantse kantlyn om aan te dui dat die hele antwoord gelees is

(10)

NASIENRUBRIEK:

KRITERIA	
HOË VLAK 7–10	<ul style="list-style-type: none"> • Uitstekende vloei van teks met geskikte taalgebruik vir sosiale media • Diepgaande begrip van die opvoeringsvaardighede • Uitstekende voorbeelde oor die belangrikheid van die opvoeringsvaardighede word verskaf
MEDIUM VLAK 4–6	<ul style="list-style-type: none"> • Voldoende/Goeie vloei van teks met taalgebruik wat tot 'n mate geskik is vir sosiale media • Voldoende/Goeie begrip van die opvoeringsvaardighede • Voldoende/Goeie voorbeelde oor die belangrikheid van die opvoeringsvaardighede word verskaf
LAE VLAK 0–3	<ul style="list-style-type: none"> • Minimale/Geen vloei van teks met minimale/geen begrip van taalgebruik vir sosiale media (nie) • Minimale/Geen begrip van die opvoeringsvaardighede (nie) • Minimale/Geen voorbeelde oor die belangrikheid van die opvoeringsvaardighede word verskaf (nie)

Voorbeeld van 'n antwoord:

Hallo almal en welkom terug. Volgende in ons dansoudisie reeks sal ons op opvoeringsvaardighede fokus. Is julle gereed? Laat ons hierdie vertoning op die pad kry. LIGTE, MUSIEK, "SHOWTIME"!

Soos julle almal weet, ons skool se talentvertoning is om die draai en ons sal oudisies hou om die beste van die beste uit te kies. Gebruik hierdie drie vaardighede om jou opvoering meer onvergeetlik te maak:

1. Dit is belangrik om goeie oorgange in jou dans te hê om te verseker dat wanneer jy van een beweging na die ander toe gaan, dit glad sal lyk. As jou dans glad vloei, sal dit jou opvoering moeiteloos laat lyk.
2. Uitdrukking in 'n oudisie is goud werd. Maak seker dat jy verstaan waaroor jy dans en dat jy die tema geïnterpreteer het. Dit sal verseker dat die gehoor jou opvoeringstuk ook verstaan. Dit is ook belangrik om gesigsuitdrukkings tydens opvoering te gebruik want dit sal jou help om uit te staan.
3. Projekteer en wees betrokke met die gehoor en beoordelaars want dit sal jou selfvertroue toon. Maak seker dat jou ooglyn opgelig is, sodat jy die verbintenis met die gehoor kan maak.

Reg, dis al van my af. Alle beste in die voorbereiding vir jou dansoudisie. Beste wense en sien jou volgende keer. Moenie vergeet om te "like", "share" en "save this post".

[15]**TOTAAL AFDELING A: 60**

AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN GELETTERDHEID**VRAAG 5: IMPROVISASIE EN CHOREOGRAFIE**

LAE VLAK	5.1	Kies	6 punte
MEDIUM VLAK	5.2	Bespreking	5 punte
		OF	
	5.3	Bespreking	5 punte
	5.4	Verduideliking	4 punte
HOËVLAK	5.5	Beskryf in hooftrekke	10 punte

	INHOUD VIR ASSESSERING	DINKPROSES Stappe wat kandidate in hulle antwoorde moet volg
5.1	Choreografiese strukture	1. Herroep
5.2	Improvisasie vaardighede	1. Herroep 2. Reflekteer oor eie ervaring 3. Pas begrip toe van hoe improvisasie vaardighede en vermoë as 'n danser/choreograaf verbeter
OF		
5.3	Konvensionele and nie-konvensionele opvoerruimtes	1. Herroep 2. Reflekteer oor eie ervaring 3. Pas begrip toe van hoe konvensionele en/of nie-konvensionele opvoerruimtes choreografie affekteer
5.4	Choreografie: navorsing	1. Herroep 2. Reflekteer oor eie ervaring 3. Pas begrip toe van die rol van navorsing wanneer daar vir 'n choreografie beplan word
5.5	Multidissiplinêre/interdissiplinêre opvoering	1. Lees vir begrip 2. Herroep 3. Konseptualiseer 'n opvoeringstuk wat kunsopvoeding verdedig 4. Beskryf die idee van die opvoeringstuk in hooftrekke

5.1 KIES CHOREOGRAFIESE STRUKTURE**Verwagte reaksies:**

5.1.1	Kanon	(1)
5.1.2	Stilte	(1)
5.1.3	Ingevlegde vorms	(1)
5.1.4	Klimaks	(1)
5.1.5	Unisoos	(1)
5.1.6	Sekwensie	(1)

5.2 BESPREKING VAN HOE IMPROVISASIE VAARDIGHEDE EN VERMOË KAN VERBETER

Verwagte reaksies:

Moontlike areas wat bespreek kan word:

- Kreatiwiteit
- Bewegingswoordeskat
- Tegniek
- Opvoeringskwaliteit
- Tydsbestuur
- Kommunikasie
- Probleemoplossing
- Waardes en houding

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe improvisasie vaardighede en vermoë as 'n danser en/of choreograaf kan verbeter

(5)

Voorbeeld van 'n antwoord:

- Improvisasie kan tegniek verbeter omdat dit ekstra geleenthede bied vir dansers om bewegings te oefen wat hulle dalk in die klas geleer het. ✓
- Improvisasie kan ook 'n danser se bewegingswoordeskat uitbrei omdat hulle nuwe maniere van beweging ondersoek. ✓
- Improvisasie leer choreografe hoe om probleme wat dalk in die oefensessie kan opduik, op te los. ✓

OF

5.3 BESPREKING VAN HOE KONVENSIONELE EN/OF NIE-KONVENSIONELE OPVOERRUIMTES CHOREOGRAFIE AFFEKTEER

NOTA:

- Kandidate moet hoe konvensionele en/of nie-konvensionele opvoerruimtes choreografie affekteer, bespreek. Moenie punte vir die beskrywing van die opvoerruimte toeken nie

Verwagte reaksies:

Moontlike areas wat bespreek kan word:

- Ruimte
- Vloer
- Rigting van die opvoering
- Ingange en uitgange
- Beligting
- Klank
- Visuele/spesiale effekte
- Rol/posisie van die gehoor

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe konvensionele en/of nie konvensionele opvoerruimtes choreografie affekteer

(5)

Voorbeeld van 'n antwoord:

- Konvensionele opvoerruimtes beïnvloed die choreografie want die choreograaf sal die beligting wat sal help om hul tema oor te dra, moet oorweeg. ✓
- 'n Nie-konvensionele opvoerruimte laat choreografe toe om elemente in die ruimte te inkorporeer om die tema van hulle dans te ondersteun. ✓

5.4 VERDUIDELIKING VAN DIE ROL VAN NAVORSING WANNEER DAAR VIR CHOREOGRAFIE BEPLAN WORD

Verwagte reaksies:

Moontlike areas wat aangespreek kan word:

- Begrip van die onderwerp/tema
- Konseptualisering
- Kreatiwiteit/inspirasie/oorspronklikheid
- Beweging
- Produksie elemente
- Musiek en/of begeleiding

Enige ander relevante antwoorde in verband met die rol van navorsing wanneer daar vir 'n choreografie beplan word

(4)

Voorbeeld van 'n antwoord:

- Navorsing help choreografe om hul tema beter te verstaan en hul choreografie lewe op die verhoog te gee. ✓
- Navorsing verskaf choreografe met duidelike rigting; dit veroorsaak dat geen tyd in die oefensessies gemors word nie. ✓
- Navorsing van die tema laat die choreograaf toe om te sien wat alreeds gedoen was sodat hulle nuwe en opwindende materiaal kan skep. ✓

5.5 BESKRYF IN HOOFDTREKKE 'N MULTIDISSIPLINÊRE/INTERDISIPLINÊRE OPVOERINGSTUK OM VIR KUNSOPVOEDING VOORSpraak TE MAAK

NOTA:

- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid voorbeelde/idees verskaf en reaksies sal nie in die handboek verskyn nie
- Kandidate moet in hoofdtreke 'n opvoeringstuk bespreek/idee wat voorspraak maak vir kunsopvoeding. Moenie punte vir 'n algemene beskrywing van 'n multidissiplinêre/ interdisciplinêre produksie toeken nie.
- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- Gebruik die nasienrubriek wat verskaf word om die vlak van die kandidaat se antwoord te bepaal
 - Geen regmerke moet gebruik word nie
 - Plaas die hele antwoord tussen hakies aan die linkerkantse kantlyn om aan te dui dat die hele antwoord gelees is

Verwagte reaksies:

Moontlike areas wat aangespreek kan word:

Insluiting van TWEE of meer kunsvorms:

- Dans
- Drama
- Musiek
- Visuele Kuns
- Ontwerp

Storie/tema/intensie

- Inspirasie
- Narratiewe/abstrak
- Bewegingswoordeskat/styl
- Teks/gesproke woord
- Lied lirieke

Produksie-elemente

- Opvoerruimte
- Beligting
- Stelontwerp
- Rekwisiete
- Kostuums
- Musiek/begeleiding
- Visuele effekte/fotos
- Tegnologie/ spesiale effekte

Verhoogplasing

- Hoeveelheid kunstenaars
- Plasing
- Patroon
- Formasie

Voorspraak

- Media/sosiale media platforms
- Gemeenskap platforms
- Tegnologie
- Voorspraak
- Uitreikking
- Opvoeding
- Simbolisme

Enige ander relevante antwoorde in verband met die beskrywing in hooftrekke van 'n multidissiplinêre/interdissiplinêre opvoeringstuk/idee wat vir kunsopvoeding voorspraak maak

(10)

NASIENRUBRIEK:

KRITERIA	
HOË VLAK 7–10	<ul style="list-style-type: none"> • Diepgaande begrip van 'n multidissiplinêre/interdissiplinêre opvoeringstuk • Uitstekende vermoë om 'n multidissiplinêre/interdissiplinêre opvoeringstuk, wat vir kunsopvoeding voorspraak maak, in hooftrekke te bespreek • Verskaf 'n wye omvang van innoverende/kreatiewe voorbeelde om die idee te ondersteun
MEDIUM VLAK 4–6	<ul style="list-style-type: none"> • Voldoende/Goeie begrip van 'n multidissiplinêre/interdissiplinêre opvoeringstuk • Voldoende/Goeie vermoë om 'n multidissiplinêre/interdissiplinêre opvoeringstuk, wat vir kunsopvoeding voorspraak maak, in hooftrekke te bespreek • Verskaf 'n paar innoverende/kreatiewe voorbeelde om die idee te ondersteun
LAE VLAK 0–3	<ul style="list-style-type: none"> • Minimale/Geen begrip van 'n multidissiplinêre/interdissiplinêre opvoeringstuk (nie) • Minimale/Geen vermoë om 'n multidissiplinêre/interdissiplinêre opvoeringstuk, wat vir kunsopvoeding voorspraak maak, in hooftrekke te bespreek (nie) • Verskaf minimale/geen voorbeelde om die idee te ondersteun (nie)

Voorbeeld van 'n antwoord:

Hierdie stuk sal met een danser op die verhoog begin wat op die klank van hul eie stem beweeg. 'n Enkele lig sal op die danser verskyn terwyl hulle 'n storie vertel oor hoe die kunste hul lewe verander het. Een vir een neem meer kunstenaars deel aan hierdie motief en die gesproke teks word dan 'n lied. Die kunstenaars sal dan in unisoen beweeg om eenheid tussen die kunste te simboliseer. Geleidelik beweeg die kunstenaars na die middel van die verhoog en sing in een stem wat hul algemene doel om vir kunsopvoeding voorspraak te maak, simboliseer.

Wanneer hulle die middel van die verhoog tref, stop die lied en hulle draai om na die gehoor in stilte te staar, om die belangrike aspekte van kunsopvoeding wat op hul T-hemde geveer is, bloot te stel. Die bont gekleurde woorde van "aanvaardiging", "kreatiewe vryheid", "samesamewerking", "vertroue", "inklusiwiteit" is treffend teen die dowwe agtergrond van die verhoog. In stilte begin die kunstenaars hul T-hemde omruil wat simbolies is van hoe opvoeding deur die kunste 'n saamwerkende en aahoudende proses is. Soos die lewendige musiek begin speel, word die ligte helderder en die kunstenaars begin saamdans om die konstante ondersteuning en veilige ruimte wat die kunste verskaf, uit te beeld.

Die stuk sal eindig waar al die kunstenaars tussen die gehoor beweeg en die woorde "Kuns vir een, Kuns vir almal" uit te spreek. Dit is simbolies van hoe aansteeklik die invloed van die kunste is en dat dit sal aanhou groei en verandering in vele lewens bring.

[25]

VRAAG 6: DANSGELETTERDHEID

LAE VLAK	6.1	Kies	6 punte
	6.2	Verduideliking en stawing	4 punte
	6.3.1	Identifisering	2 punte
MEDIUM VLAK	6.3.2	Beskrywing	8 punte
HOË VLAK	6.4	Verskaffing en stawing	5 punte

	INHOUD VIR ASSESSERING	DINKPROSES Stappe wat kandidate in hulle antwoorde moet volg
6.1	Dansverwante loopbane	1. Herroep
6.2	Dansverwante loopbane dansonderwyser/dansinstrukteur	1. Herroep 2. Verduidelik die belangrikheid van die vaardighede
6.3.1	Dansvorme	1. Herroep
6.3.2	Dansvorme en dansbeginsels	1. Herroep 2. Onderskei die beginsels van die twee dansvorme 3. Beskryf hoe die dansbeginsels verskillend in elk van die dansvorme gebruik word
6.4	Dansfusie/-samesmelting	1. Herroep 2. Verstaan die impak van dansfusie/-samesmelting 3. Formuleer 'n gestaafde opinie of dansfusie/-samesmelting voordelig vir dans is

6.1 KIES DANSVERWANTE LOOPBANE**Verwagte reaksies:**

6.1.1	Professionele danser	(1)
6.1.2	Choreograaf	(1)
6.1.3	Dansterapeut	(1)
6.1.4	Danskritikus	(1)
6.1.5	Dansnavorser	(1)
6.1.6	Dansvideograaf	(1)

6.2 VERDUIDELIKING VAN DIE BELANGRIKHEID VAN DIE VAARDIGHEDE BENODIG VIR 'N DANSONDERWYSER/INSTRUKTEUR

NOTA:

- Kandidate moet die belangrikheid van die vaardighede wat benodig is, staaf. Moenie punte vir slegs verduidelikings van die vaardighede toeken nie

Verwagte reaksies:

- Beplanning
- Tydsbestuur
- Kommunikasie
- Probleem oplossing
- Choreografering
- Geduld

Enige ander relevante antwoorde wat verband hou met die belangrikheid van die vaardighede benodig vir 'n dansopvoeder/instrukteur

(4)

Voorbeeld van 'n antwoord:

- 'n Dansonderwyser moet goeie tydsbestuur vaardighede hê om hul lesse doeltreffend te laat loop. ✓
- Die onderwyser help ons wanneer ons choreografeer, wat beteken dat hulle 'n probleem goed kan oplos. ✓

6.3.1 IDENTIFISERING VAN DANSVORME

NOTA:

- Merk slegs die eerste TWEE dansvorme as meer verskaf word

Verwagte reaksies:

- Ballet
- Hip Hop
- Kontemporêre dans
- Afrika-dans
- Jazz
- Spaanse dans

Enige ander relevante antwoorde in verband met die identifisering van dansvorme

(2)

6.3.2 BESKRYWING VAN HOE DIE DANSBEGINSELS VERSKILLEND IN DIE DANSVORME WAT IN VRAAG 6.3.1 IDENTIFISEER IS, GEBRUIK IS

NOTA:

- Kandidate moet beskryf hoe die beginsels verskillend gebruik word vir elk van die dansvorme wat in vraag 6.3.1 geïdentifiseer is. Moenie punte vir algemene antwoorde toeken nie
- Ken EEN punt per kolpunt vir die eerste dansvorm geïdentifiseer toe
- Ken EEN punt per kolpunt vir die tweede dansvorm geïdentifiseer toe

(8)

Voorbeeld van 'n antwoord:

- In Jazz gebruik dansers hul kop om te fokus tydens 'n draai. ✓
- Kontemporêre dansers gebruik die gewig van die kop om momentum te kry in 'n vooruit swaai. ✓
- Jazz-dansers gebruik isolasie in hul arm bewegings asook "jazz hands". ✓
- Kontemporêre dansers verplaas hul gewig in hul arms en hande om balans te verseker wanneer hulle op die vloer skyf. ✓

6.4 VERSKAF 'N GESTAAFDE OPINIE OF FUSIE/SAMESMELTING VAN DANSVORME DANS BEVOORDEEL

NOTA:

- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid voorbeelde/idees verskaf en reaksies kan dalk nie in die handboek verskyn nie
- Kandidate kan saamstem en/of nie saamstem nie of die fusie/samesmelting van dansvorme dans bevoordeel
- Opinies moet gestaaf word

Verwagte reaksies:

Moontlike areas wat aangespreek kan word:

- Nuwe bewegingswoordeskat
- Nuwe tegnieke
- Bring verskillende kulture bymekaar
- Erkenning
- Evolusie van dans
- Dekolonisasie
- Verlies van suiwer dansvorme
- Gebrek aan begrip

Enige ander relevante antwoorde wat verband hou daarmee of die fusie/samesmelting van dansvorme voordelig vir dans is

(5)

Voorbeeld van 'n antwoord:

Dans is 'n kunsvorm wat gedurig verander in aanmerking tot die wêreld wat vinnig verander. Dansfusie is voordelig vir dans omdat dit verskillende dansvorme toelaat om te kombineer en nuwe danstegnieke te vorm. ✓ Dansfusie laat ook toe dat nuwe bewegingswoordeskat ontwikkel word wat bydra tot die evolusie van dans. ✓ Dansfusie kan voordelig vir dans wees omdat dit 'n platform skep waar alle dansvorme gesien en erken kan word. ✓ Ek dink dat dansfusie voordelig vir dans is omdat dit samewerking tussen mense van verskillende kulture toelaat, ✓ wat 'n gevoel van gelykheid tussen dansvorme skep. ✓

[25]

VRAAG 7: DANSWERK

MEDIUM LEVEL	7.1	Skryf	15 punte
	7.2	Verduideliking	5 punte
HOËVLAK	7.3	Verskaffing en stawing	5 punte

	INHOUD VIR ASSESSERING	DINKPROSES Stappe wat kandidate in hulle antwoorde moet volg
7.1	Danswerk: produksie elemente en simboliese betekenis	<ol style="list-style-type: none"> 1. Herroep 2. Pas begrip van simboliese betekenis aan produksie elemente toe 3. Skryf 'n opstel
7.2	Danswerk: ruimte en/of krag wat in die danswerk gebruik is	<ol style="list-style-type: none"> 1. Herroep bewegingswoordskat 2. Herroep ruimte en/of krag 3. Verduidelik hoe ruimte en/of krag gebruik word om die tema uit te beeld
7.3	Danswerk: invloed op vandag se konteks	<ol style="list-style-type: none"> 1. Herroep 2. Begrip van vandag se konteks 3. Pas begrip toe van die hedendaagse tye tot die tema/intensie van die danswerk 4. Formuleer 'n gestaafde opinie

7.1 SKRYF 'N OPSTEL OOR HOE PRODUKSIE ELEMENTE SIMBOLIESE BETEKENIS KOMMUNIKEER**NOTA:**

- Kandidate mag meer oor een produksie element as 'n ander skryf
- Kandidate moet verduidelik hoe alle voorbeelde wat verskaf word, simbolies gebruik is
- Kandidate wat nie aan die taak vereistes (opstel) voldoen nie, kan nie in die hoëvlak band geplaas word nie
- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- Gebruik die nasienrubriek wat verskaf word om die vlak van die kandidaat se antwoord te bepaal
 - Geen regmerke moet gebruik word nie
 - Plaas die hele antwoord tussen hakies aan die linkerkantse kantlyn om aan te dui dat die hele antwoord gelees is

Verwagte reaksies:

- Opvoerruimtes: konvensioneel en nie-konvensionele ruimtes
- Stelontwerp
- Agterdoek
- Rekvisiete
- Beligtingontwerp/spesiale effekte, projeksies
- Kostuums en grimering
- Musiek/begeleiding
- Tegnologie
- Multidissiplinêre werke

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe produksie elemente simboliese betekenis kommunikeer

(15)

NASIENRUBRIEK:

KRITERIA	
UITSTEKEND 12–15	<ul style="list-style-type: none"> • Uitstekende vloei en organisering van inligting • Diepgaande begrip van hoe produksie-elemente simboliese betekenis oordra • Verskaf 'n wye verskeidenheid van voorbeelde wat gestaaf is
BEDUIDEND 10–11	<ul style="list-style-type: none"> • Goeie vloei en organisering van inligting • Goeie begrip van hoe produksie-elemente simboliese betekenis oordra • Verskaf 'n verskeidenheid voorbeelde wat gestaaf is
VOLDOENDE 8–9	<ul style="list-style-type: none"> • Voldoende vloei en organisering van inligting • Voldoende begrip van hoe produksie-elemente simboliese betekenis oordra • Verskaf 'n aantal voorbeelde wat gestaaf is
BEVREDIGEND 5–7	<ul style="list-style-type: none"> • Basiese vloei en organisering van inligting • Basiese begrip van hoe produksie-elemente simboliese betekenis oordra • Verskaf 'n aantal voorbeelde wat wel of nie gestaaf is nie
NIE BEHAAL NIE 0–4	<ul style="list-style-type: none"> • Minimale/Geen vloei en organisering van inligting (nie) • Minimale/Geen begrip van hoe produksie-elemente simboliese betekenis oordra (nie) • Minimale/Geen voorbeelde word verskaf (nie)

7.2 VERDUIDELIKING VAN HOE RUIMTE EN/OF KRAG DIE TEMA UITBEELD**NOTA:**

- Kandidate mag meer oor een danselement as die ander skryf.
- Kandidate mag slegs oor een danselement skryf
- Kandidate moet verduidelik hoe die choreograaf ruimte en/of krag gebruik het, om die tema(s) of idee(s) van die danswerk uit te beeld

Verwagte reaksies:**Ruimte**

- Vlakke
- Rigting
- Positiewe ruimte
- Negatiewe ruimte
- Unisoen
- Kanon
- Patroon/formasie
- Ingevestigde vorms

Krag

- Kontras en dinamika
- Grootte
- Aksent
- Gewig
- Energie/moeite

Enige ander relevante antwoord in verband met hoe ruimte en/of krag die tema(s) of idee(s) van die danswerk uit beeld

(5)

Voorbeeld van 'n antwoord:

- In *Lamentation*, het Martha Graham 'n enkele danser op 'n bankie geplaas om eensaamheid verder te beklemtoon. ✓
- Unisoos was deur "Die Dood" in *Ghost Dances* gebruik om die gevoel van eenheid tussen die burgers uit te beeld. ✓
- Skerp bewegings was in die "Winter Seisoen" van *Four Seasons* gebruik, om die wrede realiteit van winter uit te beeld. ✓

7.3 VERSKAF 'N GESTAAFDE OPINIE OOR OF DIE DANSWERK 'N POSITIEWE INVLOED IN VANDAG SE KONTEKS HET

NOTA:

- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid voorbeelde/idees verskaf en reaksies kan dalk nie in die handboek verskyn nie
- Kandidate mag saam stem of nie saam stem of die danswerk 'n positiewe invloed op vandag se konteks het nie, of kandidate mag 'n opinie wat saam stem en nie saam stem nie in hul antwoord, verskaf
- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word

Verwagte reaksies:

Moontlike areas wat ingesluit kan word:

- Tema(s)
- Sosio-politieke kwessies
- Relevansie
- Kulturele/godsdienstige gelowe
- Verhoudings

Enige ander relevante antwoorde wat verwant hou met of die danswerk 'n positiewe invloed op vandag se konteks het

(5)

Voorbeeld van 'n antwoord:

Ek dink dat *Ghost Dances* 'n positiewe invloed op vandag se konteks het, want dit leer ons oor die invloed van die oortreding van menseregte. ✓ *Ghost Dances* leer ons dat geweld en vernietiging nie die onderliggende probleme oplos nie. ✓ Nadat ek *Ghost Dances* gekyk het, het ek die belangrikheid van gemeenskap en eenheid geleer. Dit het my geleer om mekaar in vandag se samelewing te vier. ✓ Die konsep van *Ghost Dances* is vandag relevant soos ons saam as 'n gemeenskap staan om te veg vir wat reg is. ✓ *Ghost Dances* het my as persoon positief beïnvloed omdat dit my geleer het hoe om sterk te wees, net soos "Die Dood". ✓

[25]

VRAAG 8: CHOREOGRAAF

LAE VLAK	8.1	Verskaffing	5 punte
	8.2	Bespreking	5 punte
HOËVLAK	8.3	Evaluering	5 punte

	INHOUD VIR ASSESSERING	DENKPROSES Stappe wat kandidate in hulle antwoorde moet volg
8.1	Choreograaf: agtergrond en vroeë dansopleiding	1. Herroep
8.2	Choreograaf: persoonlike en artistieke invloede	1. Herroep
8.3	Choreograaf en funksies van dans in die samelewing	1. Herroep 2. Pas begrip van choreograaf se bydrae in verband met die funksies van dans in die samelewing toe 3. Evalueer die impak

8.1 VERSKAF INLIGTING OOR DIE AGTERGROND EN VROEË DANSOPLEIDING VAN DIE CHOREOGRAAF

Verwagte reaksies:

- Plek van geboorte/datum
- Nasionaliteit
- Grootword/sosio-politieke konteks
- Dansskole
- Dansstyle
- Vroeë opleiding geleenthede of die gebrek daarvan
- Vroeë invloede

Enige ander relevante antwoorde in verband met die agtergrond en vroeë dansopleiding van die choreograaf

(5)

8.2 BESPREKING VAN PERSOONLIKE EN ARTISTIESE INVLOEDE DEURLOPEND DEUR DIE CHOREOGRAAF SE PROFESSIONELE LOOPBAAN

NOTA:

- Moet nie punte toeken as kandidaat net invloede gelys het nie, kandidate moet die invloede bespreek.

Verwagte reaksies:

- Inspirasie
- Impak van onderwysers/mense
- Samelewing
- Politiek
- Ander kunstenaars

Enige ander relevante antwoorde in verband met die persoonlike en artistiese invloede deurlopend deur die choreograaf se professionele loopbaan

(5)

8.3 EVALUERING VAN DIE CHOREOGRAAF SE IMPAK OP DIE FUNKSIES VAN DANS IN DIE SAMELEWING

NOTA:

- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- Kandidate moet die impak wat die choreograaf op die funksies van dans het, evalueer. Moenie punte vir slegs definiering van die funksies van dans toeken nie
- Kandidate mag op een funksie van dans uitbrei of vele

Verwagte reaksies:**Bydrae tot dans in verband met:**

- Uitreikprogramme
- Opvoeding
- Vermaak
- Protes/aktivisme
- Genesing
- Pret
- Loopbaan/werkskepping

Enige ander relevante antwoorde in verband met die choreograaf se impak op die funksies van dans in die samelewing

(5)

Voorbeeld van 'n antwoord:

Gregory Maqoma het die Suid-Afrikaanse samelewing beïnvloed deur om 'n platform vir dansers om professioneel op te tree en geld te verdien, verskaf. ✓ Maqoma het ook werke wat sosio-politieke temas aanspreek geskep, wat belangrike boodskappe met die samelewing kommunikeer. ✓ Maqoma is betrokke by vele uitreikprogramme wat pret vir hul deelnemers verskaf. ✓ Maqoma het ook studente gementor om dansaktiviste te word om hul eie gemeenskappe/samelewing te beïnvloed. ✓ Ten laaste, Maqoma het vermaak vir die samelewing voorsien deur tyd vir ontspanning asook 'n manier om deur kuns verryk te word, verskaf. ✓

[15]

TOTAAL AFDELING B: 90
GROOTTOTAAL: 150